# IBBY SA

Books for Africa

email: sacbf@worldonline.co.za
Books for Africa Newsletter email: booksforafrica@iafrica.com
website: www.ibbysa.org.za

NEWSLETTER NO. 2

2013/2014

- IBBY SA is the South African section of IBBY.
- IBBY is the International Board on Books for Young People.
- IBBY SA's area of interest is everything to do with South African books for children and young people.
- If you are a member of IBBY SA, you are also a member of IBBY.
- IBBY's 2004 World Congress was hosted by IBBY SA in Cape Town.

**Wamkelekile! Sithemba ukuba uza kuthanda ukufunda eli phepha eli futshane eli neendaba.**
**Come on in, and enjoy what the newsletter has to offer by way of news and thought-provoking ideas!**

## >> EXCLUSIVE BOOKS IBBY SA AWARD FOR CHILDREN'S LITERATURE

And we have a winner…

The Exclusive Books IBBY SA Award is proud to announce Niki Daly as the winner of the 2013 IBBY SA Awards with The Herd Boy, published by Jacana Media. The award ceremony took place at a prestigious Cape Town venue, 220 Princes Lounge on the 10th of October.
The members of the IBBY SA jury also gave a honorable mention to Ben and the Whales by Ingrid Mennen and Irene Berg (NB Publishers). The winning illustrator receives R5000 and the author R5000, but since Niki Daly is both, he received a R10 000 cash prize!
The Exclusive Books' IBBY SA Award recognizes the best South African children's book writers and illustrators and highlights Exclusive Books' and IBBY SA's objective of bringing books and children together. The association nominates and celebrates:

- Writers and illustrators for the IBBY Hans Christian Andersen Award
- Authors who publish in a variety of South African languages
- Translators between various South African languages
- Illustrators for the Honour List of books that have made a significant current contribution to the country's literature

These books are presented and promoted every second year at the IBBY World Congress.

About the winning book…

Malusi is a herd boy who tends to his grandfather's sheep and goats among the mountains of the Transkei. High above, eagles fly while on the ground below, beetles crawl, termites scurry and dust flies as Malusi plays games of stick-fighting with his friend. But there's danger too…

Can Malusi save his lambs from the hungry baboon who's stalking the flock?
And who is the old man in the shiny car who stops to chat, and encourages the herd boy in his dream of being President?

This beautiful picture book is about a boy who dares to dream of a big future. It is a story of empowerment, self-belief and leadership, and is inspired by the life of former president Nelson Mandela.




***The Herd Boy* by Niki Daly**
**Jacana, 2013**

# >> EXCLUSIVE BOOKS IBBY SA AWARD FOR CHILDREN'S LITERATURE

Exclusive Books IBBY SA Award held at 220 Princes Lounge in Cape Town




***Jacana publisher, Carol Broomhall and winner Niki Daly***




***Winner: Nikki Daly with Rene Brophy of Exclusive Books***



***IBBY SA Chairperson, Nonikiwe Mashologu Presiding over the Exclusive Books IBBY SA Award Event***

## >> WINTER BOOKBASH


IBBY SA's Winter-Spring Bookbash took place promptly after the AGM on Tuesday 10th September. The theme for this season's bookbash was a 'Friendly Face-off' from teachers, students and librarians, to Writers and publishers. The event started a great conversation with students telling publishers what they would like to read more of. It was a fun and insightful evening with writers such as Sindiwe Magona at the realm.



***Teachers, Librarians, students and writers as the bookbash***

## >> RESENSIES / REVIEWS - Lona Gericke or as credited

Afgesien van die kwaliteit van vertelling is daar die ekstra groot bonus van Johann Strauss se illustrasies- skeppend, vol humor en met volblad illustrasies wat jou aangryp en betower. Die teks is ook lekker groot gedruk en as geheel is hierdie 'n boek wat werklikwaar deur alle ouers aangekoop moet word! En dan natuurlik ook biblioteke. Hoogs aanbeveel; 'n besondere werk.




My eerste leerboek: vorms en tyd, Nancy Meyers (H&R, 2013)
Hierdie boek is spesifiek gerig tot ouers om te gebruik met hul kinders –hulle leer hoe om 'n potlood vas te hou, en dan om vorms te leer ken en tyd te lees. Maar daar is ook tekeninge waar die kind bv. Self tande kan teken of self 'n illustrasie kan skep om te wys wat 'n meisie verf. Hulle kan hulself in die bed teken of seisoene help uitbeeld met bykomende prente.
Lekker geskenk vir kinders; ure van self teken en inkleur en leer.





Nog drukkies vir Dirk!, David Melling (H&R, 2013)
Melling se vorige topverkoper-prenteboek- Dirk soek 'n drukkie, word aangevul met nog 'n bekoorlike prenteboek- Nog drukkies vir Dirk!
Dirk is nou maar eenmaal 'n beer wat in kinders se harte sal kruip, en selfs die ander diere bekoor deurdat hulle so vol humor geteken word; hulle gee die gevoel van werklike ongekunstelde kinders te wees!
Flossie die skapie vra Dirk om hom te help om sy beste maatjie op te spoor. Hulle land by 'n klomp hasies, en hulle word aangeraai om in die Me-me-blerbos te gaan soek. Beste maats hoort saam voel Dirk. Maar hy dink toe hy het geen maatjies nie; en uil hoor hom, en besluit Dirk moet gerus gestel word!
Pragtige boekie ; lekker groot druk en volkleur illustrasies.

# >> RESENSIES / REVIEWS - Lona Gericke or as credited

<u>Sisi gaan skool toe en ander stories, Wendy Hartmann (H&R, 2013)</u>
Met illustrasies deur Joan Rankin.
Afrikaanse vertaling deur Linda Rode. Ook in Engels beskikbaar.
Wendy Hartmann is in 2011 bekroon vir die eerste Nina versameling met die MER prys vir geillustreerde kinderboeke.
Vyf stories word hier soos in die vorige boek deur bekwame Joan Rankin in delicate waterverf- illustrasies met 'n Afrika gevoel, treffend en liefdevol uitgebeeld.
Sisi gaan skool toe; sy leer om te fluit met Ma Tembo se hulp- sy leer Sisi om na die geluide te luister wat die wind maak en dit dan n ate boots. Sisi is vies omdat haar Pa met al hulle speelgoed speel, min wetende dat daar 'n lekker verassing op hulle wag!Ouma se hond word verjaag omdat hy op Ouma se plek le. Maar sy hok het hen daarin; so verjaag hy weer vir hen. Maar toe Muis Ouma laat skrik, is sy tog te bly om haar sitplek met haar hondjie te deel. Met 'n Soentjie vir jou- die laaste storie – stuur Sisi 'n soentjie deur die ruimte na Ouma met die hoop om ook een terug te kry. Baie gevoelvol en sensitiewe aanbieding. Mooi!




<u>Dierestories 4, G.R. Von Wielligh (Protea, 2013)</u>
Ook in Engels beskikbaar.
In 1922 het hierdie klassieke versameling van dierestories verskyn. Die skrywer het van kleins af na die stories van Khoi-Khoin vertellers geluister, en aantekeninge gemaak.
Dierestories 4 bevat 15 stories waarvan 7 Jakkals en Wolf as hoofkarakters het.
Dale Blankenaar het met sy unieke illustrasies 'n heel moderne voorkoms aan die publikasie gegee; en ek dink die boek sal 'n bydrae lewer by ons Afrikaanse kinderstories. Vir bibliottek-en privaat versamelings.




## BEGINNER LESERS EN JONG LESERS:

<u>Beertjie kry 'n soen; Pappa Beer kom huistoe; Beertjie gaan kuier, Else Holmelund Minarik (H&R, 2013)</u>
Beertjie is 'n geliefde beertjie wat alreeds in die sestiger jare in die harte van jong lesertjies gekruip het. Hierdie boeke is nou werklik klassiek, en dit is wonderlik om te sien dat die uitgewers besluit he tom dit weer beskikbaar te stel aan nuwe beginners.
Sendak is illustreerder, en natuurlik netso bekend as die karakters in hierdie beginner- reeks. Wanneer beertjie hen vra om 'n prentjie wat hy geteken het na sy Ouma te neem, stuur sy 'n soen terug aan hom. Maar die soen begin verdwaal tussen die verskillende diere oppad terug na beerjie, soveel dat daar selfs 'n bruilof volg!
Hoogs aanbeveel.




<u>Knister: Lillie die heksie in die wilde Weste/ Lillie die heksie en die wilde Indiaanavontuur</u>
Afrikaanse vertaling deur Aelia de Waal.

Hierdie twee titels is geskik vir selflees vir agtjariges en ouer.
Lillie die heksie is 'n geliefde internasionale kinderboek karakter en die boeke is reeds in 40 tale vertaal. Nou ook in Afrikaans beskikbaar.
Sy is 'n dogtertjie wat heksetoertjies kan doen. Daarby is sy dapper; en neem in hierdie twee boeke haar jong lesers op lekker avonture na die Wilde Weste en vanselfsprekend raak Indiane ook by die gebeure betrokke.
Die dapper Lillie is 'n karaktertjie waarvan jy dadeli houl Die illustrasies is regtig lewendig , kleurvol en met sterk hardebande sal jong lesers baie lank die boekies kan lees. Ook geskik vir biblioteek- versamelings.








# >> RESENSIES / REVIEWS - Lona Gericke

<u>Karel Kameleon en die geheime tempel, B Dhooge en N de Braeckeleer (Protea, 2013)</u>

Karel Kameleon is seker die slimste en oulikste verkelurmannetjie op die planeet! Afgesien daarvan dat hy van kleur kan verander, kan hy ook himself vermom as enige denkbare karakter, en die belangrikste van alles is dat hy nog ook 'n speurder van formaat is. Hy en sy vriende Sollie en Henko moet na professor Borrie gaan soek- hy het saam met sy towerdrankie verdwyn. In die tweede verhaal weer word hy saam met twaalf ander spioene opgeroep om Groot Dekko Dikke Nekko te help om sy lys van spioene terug te vind.

Lekke beginnerstories; lewendige kelurvolle illustrasies; baie aksie en opwinding sodat kinders nie verveeld kan word nie. Hoogs aanbeveel.







<u>Dog detective William and the pirates, Elizabeth Wasserman (Tafelberg, 2013)</u>

Die skrywer het self die vertaling behartig van twee van haar gewilde Speurhond Willem boeke in Engels- Dog detective William travels the world is gevolg deur William and the pirates.

Die Engelse tekste het dieselfde impak as wat die Afrikaans gehad het, en behoort 'n gewilde toevoeging tot die Afrikaanse boeke te word. Hoogs aanbeveel.

<u>Meneer Monster, Jaco Jacobs (Lapa 2013)</u>

Illustrasies deur Johan Strauss.

Meneer Vernon is die nuwe skoolhoof by Laerskool Leeupoort. Marko en Hardus besef gou hy is regtig 'n cool skoolhoof- hy word nie moeilik as hulle byvoorbeeld 'n poets op Juffrou Speelman bak nie! Toe kondig die hoof aan dat hy 'n spesiale kamp vir sewe leerders gaan reel. Marko sien egter dat daar 'n lang groen tong by die hoof se mond uitsteek wat hy in die seuns se ore indruk asof hy iets opsuig! Ugh. Is die hoof nie dalk 'n Alien nie? Lees self en vind uit!

"n Opwindende boek vir 9-11jariges.







<u>Hoe om jou draak te tem: Hoe om 'n seerower te wees, Cressida Cowell (Protea, 2013)</u>

Hierdie is 'n uiters gewilde reeks in Engels. Die Afrikaanse vertalings behoort met groot opgewondenheid ontvang te word, veral waar hierdie tussen ouderdomsgroep nie altyd genoeg boeke in Afrikaans beskikbaar het vir kinders nie.

Fantasie is altyd 'n wenner by jong lesers; en Cowell skep karakters wat "likeable" is en bring nog lekker humor by om die boeke wenners te maak! Hoogs aanbeveel.

NIE FIKSIE:




Onverklaarbaar! Feite en vrae oor vreemde verskynsels, Jaco Jacobs (Lapa, 2013)
Illustrasies deur Chris Venter
Wat 'n lekker boek om al daardie nuuskierige lesers se belangstelling in onverklaarbare dinge te prikkel.
In biblioteke word daar gedurig gevra na boeke oor Bigfoot, die Bermudadriehoek, drake, eenhorings, meerminne, monsters, spoke, vampiere, verlore stede, VVV's, weerwolwe en Zombies. En hier is 'n pragtige boek waarin kinders oor al hierdie onverklaarbaarhede kan lees. Afgesien van 'n verduideliking wat die spesifieke ding identifiseer met illustrsies en fotos waar beskikbaar; volg daar moontlke verklarings vir die legendes en verdwynings. Daar word verwysings gegee na moontlike voorbeelde, bv. van eenhorings en feetjies, of wat die Loch Ness monster kan wees.
Hoogs aanbeveel vir biblioteke en tuis.
'n Aantreklike publikasie; Chris Venter is 'n veelsydige kunstenaar wat weer hier wys waartoe hy in staat is.





Wonderlike ware dierestories, Wendy Maartens (Lapa, 2013)
Hierdie is nou regtig 'n lekker boek om vir kinders te gee om te lees- diere hou nou maar eenmaal 'n spesiale bekoring vir die meeste van ons in; en waar hierdie nou WARE stories is oor diere wat werklik gebeur het, maak dit die boek soveel te meer interessant.
Just Nuisance is die seemanne se hond wat my altyd bekoor; wat van 'n perd wat kan lees en tel' 'n troetelslang wat 'n dief geflous het; die dapper Jock van die Bosveld; 'n Beer wat soldaat word; 'n gorilla wat 'n skurk vangen dan lees ons selfs ook van beroemdes en hulle troeteldiere.
'n Bronnelys word aangeheg.
Regtig 'n nuttige en leersame en lekker-lees boek!

JEUG EN TIENERBOEKE:




Oor 'n motorfiets, 'n Zombieflieк en lang getalle wat deur elf gedeel kan word, Jaco Jacobs (Lapa, 2013)
Jaco Jacobs het nou maar eenmaal die gawe om lekker onderhoudende stories te skryf. Sy karakters is geloofbaar; en dan kom daar ook gereeld 'n trekseltjie humor by om die leservaring nog aangenamer te maak.
Hier het ons die seun Martin wat lief is vir getaale en somme maak. Hy is ook geheg aan sy hoenders, veral Klarabel. Toe die nuwe bure se hond Klarabella vang, leer die twee mekaar ken, en Martin ondersteun die siek seun om sy Zombieflieк te maak en sommer nog ander verassende dinge te doen sodat die leser nooit verveeld word met die storie soos dit ontwikkel nie. Lekker ligte leesstof.




Gerook, Eldridge Jason (Lapa, 2013)
Vir tieners: Wanneer Cobie by sy Ouma op die Weskusdorpie Vaalberg moet bly vir die Desember skoolvakansie is hy regtig nie baie opgewonde oor die gedagte nie! Dit lyk vir hom maar na 'n uiters vaal en vervelige plek.
Maar gou begin hy jwonder oor die dorp- hou iemand hom dalk dop; wie is die geheimsinnige Lady Zee wat hom op Mxit kontak? Dalk is die plek regtig snags 'n gevaarlike tik-nes.
Al; hoe hy gaan uitvind is om kontak te maak met die jongmense van die dorp.
Hierdie tema word nognie in baie tienerboeke aangespreek nie. Dit is dus 'n boek wat nuttig gebruik kan word vir besprekings op skool en vir eie self-ontwikkeling.


# >> RESENSIES / REVIEWS - Lona Gericke





**Lienka, Solet Scheeres (Lapa, 2013) Reeks: Glam Divas**

Die Glam Divas reeks is baie gewild by tieners. Elke boek gebruik een van die 3 meisies as "hoofkarakter". Hier is dit Lienka wat mot uitvind dat haar ma op 'n evorderde ouderdom weer swanger is- wat 'n verleentheid vir 'n tiener! Hier skryf hulle vir 'n groot ontwerper-skompetisie in ; sy dink dat sy nie meer dieselfde voel oor haar vriend Dian nie; haar ouer broer Sarel tree uiters vreemd op; en dan verdwyn van hul mode-skeppings ook! Lekker ligte leesstof. Behoort gewild te wees.





**Duinebesies, Christien Neser (Lapa, 2013)**

Hierdie is die vyfde boek in die gewilde reeks wat insluit Kondensmelk, Koshuiskoffie, Blou sjokolade en Rocksusters.

Met die 5de boek moet Elle saam met haar oom Eddie en sy navorsingspan Namibie toe gaan . Haar vriend gaan na sy eindeksamen op 'n 4by 4 avontuur vir 3 weke; sy en Refi sou 'n wit Kersfees in Frankryk wou beleef en dit is ook nou van die baan.

Gelukkig gaan haar twee vriendinne saam. Hulle word aan streng reels onderwerp; en dan is daar die mans-studente in die groep wat ook dinge kan kompliseer.

Maar so word die vakansie een groot avontuur, so tussen die sandduine van Namibie. Gewilde leesstof

**Galop: perdestories, saamgestel deur Fanie Viljoen (Lapa, 2013)**

Perdestories bly nou maar eenmaal gewild onder jong lesers. 13 Stories deur verskillende skrywers is hier saamgebring; en daar is regtig iets vir elkeen se smaak. Ek was nogal verbaas oor die verskeidenheid van storiesen verskillende temas wat goed gehanteer is deur die verskeie skrywers. 'nHandige versameling wat 'n leserspubliek sal hê.






**Om Helena te hoor, Carolyn Morton (H&R, 2013)**

Ook beskikbaar in Engels

Helena en haar broer Henk neem altwee musiek by Madame Pandora. Henk is die student wat volgens haar die talentvolste is; en hy word voorberei om 'n groot musiekbeurs te wen.

Maar deesdae lyk dit vir Helena of haar broet se aandag my iets heeltemaal anders is; sy vind uit dit is 'n meisie ; en hy kom ook na hul ouers met ontstellende nuus. Helena kry wel die geleentheid om aan die kompetisie deel te neem, en dan wag daar 'n ander belangrike besluit wat sy moet neem- hoe gaan sy haar prysgeld spandeer? 'n Goeie oortuigende storie met hart; goeie waardes en geloofbare karakters. Aanbeveel.





**Dit vat guts, Annelie Ferreira (H&R, 2013)**

Die title van die boek is 'n baie getroue verklaring oor hoe die kinders in 'n gesin eers moet hoor dat hul Pa 'n kwaadaardige gewas op sy brein het, en dan verder dat dit kanker is.

Die skrywer neem die leser saam op 'n aangrypende reis waar jy deelneem aan hul verhaal van hoe hulle die situasie hanteer; hoe hul Pa gelydelik swakker word en dan sterf. Dit gaan hier om die verhoudinge in 'n gesin; daar word meer gefolus op die hoofkarakter Mia wat grotendeels die verhaal vertel. Dit gaan oor die dood van 'n Pa, maar ook oor die drome van die jingmense; Mia wat skielik uitvind dat sy hou van perdry; die familie-en vriende wat saamstaan onder die omstandighede;

Die verhaal is goed geskryf; daar is genoeg detail en situasies wat die familie en hul situasie oortuigend en interessant maak. Hoogs aanbeveel.




Karoo –kantate , Mariè Heese (Tafelberg, 2013)
Hierdie is die eerste Afrikaanse boek vir jeugdiges wat onlangs verskyn het, waar sy tans meer bekroon word vir haar Engelse geskiedkundige fiksie.
Jannie Lappies woon in 'n kinderhuis. Stiien Terblanche haal haar daar uit vir 'n kort vakansie en hulle besoek Stien se oom. 'n wereldbekende dirigent en komponis.
Jannie is mal oor musiek, netsoos haar gasheer; en natuurlik ontdek hy haar pragtige sangtalent en besluit om 'n musiekstuk te skryf met haar in die hoofrol.
Musiek het 'n belangrike rol te speel in hierdie interessante verhaal; daar is heelwat verwysings na musiek, en terselfdertyd die interessante onderlainge temas rondom die karakters van Arnold en Jannie Lappies.
Die hoofkarakter herinner aan die treffende jeugboek Vaselinetjie se hoofkarakter; ook 'n meisie wat in 'n kinderhuis grootword.
'n Bo-gemiddelde aanbieding,en veral iets vir musiekliefhebbers.

## IBBY SA Wishes you all a wonderful and blessed New Year. We look forward to sharing more wonderful literature moments in 2014